
# 132 God bly met u, waar u ook mag gaan




God bly met u, waar u ook mag gaan;
deur sy sterke hand behoed Hy,
daagliks met sy manna voed Hy -
God bly met u, waar u ook mag gaan.

God bly met u, waar u ook mag gaan;
as ons struikel, trek die Vader
in vergiffenis ons nader -
God bly met u, waar u ook mag gaan.

God bly met u, waar u ook mag gaan;
in gevare, skrik en lyding
in sy almag ons bevryding -
God bly met u, waar u ook mag gaan.

Jeremiah E. Rankin (1828-1904) Ralph V. Williams (1872-1958)